

Kostebevele in Strafsake

John I Welch
Adjunk-prokureur-generaal Pretoria

Inleiding


Kostebevele dien as 'n skadeloosstelling vir 'n suksesvolle party wat onkoste moes aangaan ten einde litigasie te inisieer of te verdedig (*vide Texas Co (SA) Limited v Cape Town Municipality* 1926 AD 467 op 488 en *Die Meester v Joubert* 1981 4 SA 211 (A) 218). Waar kostebevele byna sonder uitsondering in alle siviele litigasie voorkom, vind dit selde aanwending in strafsake.

Die basiese beginsel waarop 'n kostebevel berus, is dat die toestaan van kostes in die diskresie van die hof is. Hierdie diskresie moet regterlik uitgeoefen word en gebaseer wees op die aanvaarde feite van die saak (vgl *Norwich Union Fire Insurance Society Ltd v Tutt* 1960 4 SA 851 (A) waar dit op 854 so gestel word:

In this regard the basic principle is that the court has a discretion, to be exercised judicially upon a consideration of the facts of each case, and in essence it is a question of fairness to both sides.

Die basiese reël rakende koste word dikwels gevolg deur die algemene reël, naamlik dat koste die suksesvolle party toekom (*vide Cilliers, Law of Costs*, tweede uitgawe 11). Alhoewel hierdie reël as 'n afsonderlike reël deur Cilliers en die hofe behandel word, blyk dit slegs 'n *indicia*, wat regterlike diskresie aandui, te wees. Alhoewel daar afwykings van die algemene reël kan wees word koste gewoonlik aan die suksesvolle party toegeken (vgl *Cilliers* aw 12):

Generally speaking, a successful party should be awarded all his costs, but



this is not a hard and fast rule: each case must be decided on its own facts.

Algemene reël in strafsake

Die algemene reël is dat kostebevele nie in strafsake gemaak word nie tensy daar 'n uitdruklike statutêre bepaling bestaan wat sodanige kostebevel magtig.

Strafappèlle

Artikel 311(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 bepaal soos volg:

Indien 'n appèl deur die prokureur-generaal of ander aanklaer ingevolge hierdie artikel (appèl na die Appèlafdeling) of artikel 310 (appèl vanaf die laerhof deur aanklaer) aangebring, afgewys word, kan die hof wat die appèl afwys, gelas dat die appellant aan die respondent die koste betaal wat teen die respondent by bestryding van die appèl afgeeloop het, getakseer

volgens die tarief in siviele sake van daardie hof: Met dien verstande dat waar die prokureur-generaal die appellant is, die koste wat hy aldus gelas word om te betaal deur die Staat betaal word.

Uit die subartikel blyk die basiese en algemene reëls duidelik. Die hof het steeds 'n diskresie om koste te gelas ('. . . kan die hof . . .'). Die bevel kan ook slegs gemaak word indien die appèl afgewys word.

Is daar enige riglyne ingevolge waarvan die regterlike diskresie uitgeoefen moet word? In *Lipschitz* 1947 2 SA 931 (T) beslis die hof met verwysing na a 311(2) se voorganger (a 105(2) van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944) op 935:

Costs should not be awarded against the Attorney-General unless an appeal is frivolous or vexatious.

Uit beide aa 105(2) (van die Wet op Landdroshowe) en 311(2) (van die Strafproseswet) blyk die beperkende uitleg wat in *Lipschitz* (*supra*) toegepas is, egter nie gegrond te wees nie.

Dié beslissing is dan ook in verskeie sake nie gevolg nie: *Skorpen* 1950 2 SA 383 (N); *Bunting* 1954 2 SA 377 (K); *Davidson* 1964 1 SA 192 (T); *Attorney-General, Transvaal v Lutchman* 1959 2 SA 583 (A) en *Ranta* 1969 4 SA 142 (T). In *Prokureur-generaal (Kaap) v Barenblatt* 1960 2 SA 534 (A) is die kostebevel op appèl deur die Appèlafdeling tersyde gestel aangesien die hof die prokureur-generaal gelyk gegee het. Die mees onlangse beslissing van die Appèlafdeling in die verband, sover vasgestel kan word, is *Attorney-General, Natal v Ndhlovu* 1988 1 SA 905.

Die belangrikste rede waarom 'n kostebevel teen die Staat gemaak word waar die appèl onsuksesvol is, blyk te wees dat die beskuldigde (respondent) deur die prokureur-generaal as 'n soort proefkonyn gebruik word ten einde 'n beslissing op 'n besondere regspraak te verkry. So 'n beskuldigde behoort nie belas te word met die koste wat hy noodgedwonge moes aangaan ten einde die prokureur-generaal se aansoek te bestry nie. (*Sien ook die Strafregrwysigingswet 107 van 1990 – wat na die finalisering van hierdie artikel gepromulgeer is – wat onder andere voorsiening maak vir kostebevele teen die Staat in gevalle waar die prokureur-generaal teen 'n vonnis in hoër beroep gegaan het – Redakteur.*)

Hersienings

Hersiening van strafsake in landdroshowe vind plaas ingevolge die volgende bepaling van die Strafregrproseswet:

- Artikel 302 (outomatiese hersiening op grond van 'n besondere vonnis);
- artikel 304(4) (saak wat op versoek van 'n regter op hersiening gestuur word);
- artikel 304A (hersiening na skuldigbevinding, maar voor vonnis);
- artikel 305 (aansoek om 'n regtersertifikaat deur 'n persoon wat ter gevangesetting verwys is); en
- artikel 306 (beredenering van saak op versoek van die beskuldigde).

Slegs a 306(3) verwys na 'n kostebevel:

Geen koste is ten opsigte van die verrigtinge by hersiening deur die vervolging aan die veroordeelde persoon of deur die veroordeelde persoon aan die vervolging betaalbaar nie, ongeag of so 'n vonnis bekragtig of ter syde gestel of gewysig word.

Alhoewel daar geen uitdruklike bepaling in die Strafregrproseswet is wat bepaal dat a 306(3) op alle gevalle van hersiening ingevolge die Strafregrproseswet van toepassing is nie, kan dié afleiding wel uit die konteks van die betrokke artikels gemaak word. Cilliers (aw 202) merk soos volg op:

In criminal proceedings the basic rule is that in the absence of specific statutory authority a court has no power to order the state to pay costs where an accused has been acquitted, or the accused to pay costs where he has been convicted.

Ongeag die hersieningsprosedures waarvoor die Strafregrproseswet voorsiening maak, het die Hooggeregshof

'n inherente hersieningsbevoegdheid oor laerhove wat geput word uit a 24 (gelees met a 19) van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959. Die prosedure voorgeskryf vir hierdie hersienings word gevind in reël 53 van die eenvormige Hooggeregshofreëls.

Artikel 24(1)(a) skryf die volgende gronde waarop verrigtinge in 'n laerhof voor die Hooggeregshof in hersiening gebring kan word, voor:

- (i) gebrek aan regsbevoegdheid by die hof;
- (ii) belang by die geding, vooroordeel, kwaadwilligheid of korrupsie by die voorsittende beampte;
- (iii) growwe onreëlmatigheid in verband met die verrigtinge; en
- (iv) toelating van ontoelaatbare getuienis of verwerping van toelaatbare getuienis.

Aangesien hersienings ingevolge die Hooggeregshof se inherente regsbevoegdheid om verrigtinge van laerhove te hersien wesenlik verskil van hersienings ingevolge die Strafregrproseswet, is kostebevele in sulke gevalle gepas. In hierdie gevalle word kostes hanteer soos in gewone mosiegedingvoering. Die basiese reël, naamlik dat kostes in die diskresie van die hof toegeken word en die algemene reël dat "costs follow the event", vind dus aanwending.

Aansoek om verlof om te appelleer

Artikel 311(1) van die Strafregrproseswet bepaal dat die prokureur-generaal kan appelleer teen 'n beslissing oor 'n regspraak wat 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof teen die Staat gegee het. Soos in alle gevalle moet die hof *a quo* verlof tot appèl verleen (vgl a 20(4) van die Wet op Hooggeregshof). As voorvereistes vir die bestaan van verlof om te appelleer moet die hof *a quo* oortuig wees dat die appèl inderdaad oor 'n regspraak gaan; dat daar 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl is en dat die appèl van wesenlike belang vir die Staat is. (Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafregrproses* vierde uitgawe 754).

Wat is die posisie rakende koste by so 'n aansoek? Alhoewel die Strafregrproseswet nie uitdruklik voorsiening maak vir 'n kostebevel by 'n aansoek om verlof tot appèl nie en alhoewel die basiese reël in strafregtelike aangeleenthede is dat, tensy daar 'n uitdruklike statutêre bepaling is, geen kostebevele gemaak word nie, blyk dit tog dat 'n kostebevel die

prokureur-generaal se onsuksesvolle aansoek om verlof om te appelleer kan volg. Alhoewel so 'n aansoek nie 'n appèl is nie, is dit 'n noodsaaklike voorvereiste in die appèlproses. Sonder so 'n aansoek kan (met die enkele uitsondering van 'n petisie na die Hoofregter of die voorbehoud van 'n regspraak ingevolge a 319 van die Strafregrproseswet) daar nie deur die Staat geappelleer word nie. Aangesien so 'n aansoek om verlof om te appelleer dus as deel van die appèlproses gesien word, behoort a 311(2) van die Strafregrproseswet toepassing te vind. Die hof het steeds 'n diskresie om die kostebevel te maak.

Waar die prokureur-generaal wil appelleer teen 'n bevel wat 'n hof tydens mosieverrigtinge ten gunste van die applikant gemaak het, is die gewone reëls rakende appèl van toepassing. Die respondent (prokureur-generaal) moet aansoek doen om teen die bevinding van die hof te appelleer. Die bepaling van die Strafregrproseswet is dan nie van toepassing nie. In so 'n geval geld die reël wat in alle siviele appèlle toegepas word, naamlik dat 'n kostebevel enige aansoek of eis volg (tensy uitdruklik deur statuut uitgesluit of indien die hof diskresionêr anders besluit).

Dat die oplegging van 'n kostebevel diskresionêr is blyk uit *Attorney-General, Transvaal v Lutchman* 1959 2 SA 583 (A) 599 waar die hof beslis:

There are no circumstances in this case to justify a departure from the general rule that costs should follow the result.

Sou die prokureur-generaal dus 'n kostebevel teen hom wil vermy, is dit belangrik om die hof te oortuig dat voldoende redes bestaan waarom van die algemene reël afgewyk moet word. Dit is duidelik dat die algemene reël 'n sterk aanduiding is dat diskresie ten gunste van die suksesvolle party uitgeoefen sal word. In die siviele reg bestaan daar verskeie aanduidings waarvolgens die hof van die algemene reël kan afwyk (vgl Cilliers aw 32 tot 44). Meeste van hierdie afwykings vind nie in die strafreg aanwending nie. Reëls wat wel aanwending mag vind is:

- 'n versuim deur die suksesvolle litigant om die gedingvoering binne redelike perke te hou;
- wangedrag aan die kant van die suksesvolle party of sy regsverteenwoordiger;
- kwelsugtige optrede deur die suksesvolle party, en

□ redelike optrede aan die kant van die onsuksesvolle party.

In *Luso* 1953 2 SA 484 (A) 492 is deur die appellant aangevoer dat die respondent (suksesvolle party) die betrokke wet opsetlik verontagsaam het: “[he] . . . contended that no order of costs should be made because the evidence showed that, when the respondent entered the waiting room . . . , he intended in doing so to defy the law deliberately and not to test the validity of the law.” Derhalwe was die respondent nie op kostes geregtig nie. Alhoewel dit ’n geldige rede is om nie ’n kostebevel te maak nie het die hof sy diskresie ten gunste van die respondent uitgeoefen.

Redelike optrede deur die onsuksesvolle party is een van die belangrikste faktore wat deur so ’n party geopper kan word in sy poging om die hof te oorreed om nie ’n kostebevel ten gunste van die suksesvolle party te maak nie. Ten spyte egter van ’n *bona fide* dwaling deur die onsuksesvolle party sal die hof waarskynlik steeds beslis dat die optrede onredelik was. Slegs indien die hof meen dat die optrede redelik was, sal sy diskresie ten gunste van die onsuksesvolle party uitgeoefen word. Waar die onsuksesvolle party (prokureur-generaal) aanvoer dat daar geen *mala fides* aan sy kant was nie, hetsy om die oorspronklike stap wat tot die appèl of hersiening aanleiding gegee het, te doen, hetsy om die appèl of hersiening teen te staan, sal dit nie ’n faktor wees wat deur die hof aangewend sal word om nie ’n kostebevel teen die prokureur-generaal te maak nie. Die afwesigheid van *mala fides* is slegs ’n faktor wat veroorsaak dat daar nie ’n kostebevel *de bonis propriis* gemaak word nie.

’n Beslissing wat die beginsels rakende die oplegging van ’n kostebevel treffend illustreer is *Regional Magistrate Du Preez v Walker* 1976 4 SA 849 (A). In *casu* het die streeklanddroos geappelleer teen ’n bevinding van die hof *a quo* wat hom beveel het ‘ . . . to pay the costs of the proceedings on review in his official capacity’ (852H). Op 852H tot 853A stel die hof die reël soos volg:

It is a well-recognised general rule that the courts do not grant costs against a judicial officer in relation to the performance by him of such functions solely on the ground that he has acted incorrectly. To do otherwise could unduly hamper him in the proper exercise of his judicial functions.

Twee belangrike uitsonderings op die reël word ook gemeld. Ten eerste (853B):

Thus, if the judicial officer chooses to make himself a party to the merits of the proceedings instituted in order to correct his action and should his opposition to such proceedings fail, the Court may, in its discretion, grant an order for costs against him.

En ten tweede (853D):

[I]f . . . the judicial officer’s decision has been actuated by malice the Court setting aside or correcting such decision may grant costs against him even although he has not made himself a party to the merits of the proceedings.

Alhoewel laasgenoemde saak handel oor ’n kostebevel teen die voorsittende landdroos is dieselfde reëls ook op die prokureur-generaal van toepassing. Die prokureur-generaal is reeds ’n ‘party to the merits of the proceedings’. Hy sal ook ’n party tot die geding wees as hy die applikant se aansoek om die saak (of ’n besondere aspek daarvan) te hersien, teenstaan. Sou die landdroos ’n beslissing ten gunste van die Staat maak (byvoorbeeld om ontoelaatbare getuieis toe te laat) en die beskuldigde sou dié aangeleentheid op hersiening neem, moet die prokureur-generaal besluit of hy die aansoek gaan teenstaan. Indien hy dit nie teenstaan nie, maak hy homself nie ’n party tot dié geding nie en geen kostebevel teen hom behoort te volg nie. Geen kostebevel behoort ook teen die landdroos te volg nie tensy daar kwaadwilligheid aan sy kant was (vgl *Regional Magistrate Du Preez v Walker (supra)* (853A)).

Indien die prokureur-generaal die aansoek egter teenstaan word hy ’n party tot die geding en indien hy nie suksesvol in sy verweer is nie, kan ’n kostebevel teen hom gemaak word.

Laasgenoemde standpunt word bevestig in *Regional Magistrate Du Preez v Walker (supra)* waar die hof (856B) soos volg beslis:

[I]t is inappropriate that the Court’s displeasure with the conduct of appellant should result in an order mulcting in costs the State which was neither a party to the suit nor responsible for the judicial officer’s actions.

(Vgl ook *Herbst* 1980 3 SA 1026 (OK).)

Strafverhore

’n Uitsondering op die reël dat kostebevele nie in strafverhore gemaak

word nie, word gevind in sekere bepalings van die Strafproseswet wat private vervolgings reguleer. Artikel 9 van die Wet bepaal naamlik dat die private aanklaer sekerheid moet stel vir die koste wat die beskuldigde moontlik sal aangaan. Die bedrag van sekerheidstelling mag tydens die verrigtinge verhoog word. Ingevolge a 14 moet die private aanklaer die proseskoste betaal en ingevolge a 15(1) kan die hof iemand wat skuldig bevind word gelas om die kostes en uitgawes van die private vervolging te betaal. Waar die private vervolging voortspruit uit die verlening van die prokureur-generaal se *nolle prosequi*-sertifikaat kan die Staat gelas word om die private aanklaer se kostes en uitgawes te betaal. Of die eerste of tweede voorbehoud van a 15(2) toegepas sal word, hang waarskynlik af van die optrede van die beskuldigde en die prokureur-generaal. Sou die hof bevind dat die prokureur-generaal moes vervolgt het, sal die kostebevel waarskynlik teen hom gemaak word.

Artikel 16, daarteenoor, maak voorsiening vir die kostes van die beskuldigde. Indien die aanklag teen die beskuldigde afgewys word of die beskuldigde vrygespreek word, kan die hof die private aanklaer beveel om die beskuldigde se kostes en uitgawes of ’n deel daarvan te betaal. Indien die hof van mening is dat die private vervolging ongegrond en uit kwelsug ingestel is moet die hof, op die beskuldigde se versoek, ’n kostebevel in sy guns maak.

Voorgestelde regshervorming

Die vraag ontstaan of die tyd nie aangebreek het dat die Strafproseswet aangepas word om ook ten opsigte van vervolgings van staatsweë vir kostebevele voorsiening te maak nie.

Wanneer sodanige aanpassings oorweeg word, is dit altoos nuttig om die Engelse reg na te slaan, eerstens omdat dit die bakermat van ons prosesreg vorm en tweedens omdat Engeland soveel “ouer” as Suid-Afrika is en dus noodwendig wyer ervaring as ons op die betrokke gebied opgedoen het.

Dit blyk dat die Britte reeds in 1973 – by wyse van die *Costs in Criminal Cases Act* – voorsiening gemaak het vir die toestaan van kostebevele in strafsake. Die bestaande Wet, naamlik die *Prosecution of Offences Act* van 1985, bevat selfs

Books Received

(Some of these books will be reviewed in forthcoming editions of *Consultus*)



Juta's Commercial Law Digest Volume 1 Part 1. Editor Mark Stranex. Juta & Co. Subscription for 6 issues R197,75



Onbillike Arbeidspraktyke in die Suid-Afrikaanse Reg. Deur NJ Marais. Juta & Kie. R67,50 uit AVB (sagteband)



The Sectional Title Handbook 2nd edition. By Graham Paddock. Juta & Co. R44,94



The National Building Regulations – An Explanatory Handbook 2nd edition. By CJ Freeman. Juta & Co. R98 excl GST (soft cover)



Stellenbosse Regtydskrif. LM du Plessis (red). Juta & Kie. Intekengeld vir 3 uitgawes per jaar: R90,64 (AVB insl) (sagteband)



Kelsey Stuart's Newspaperman's Guide to the Law. By Bell Dewar & Hall. Butterworths. Price R105 excl GST (hard cover) R77 excl GST (soft cover)



Media Law. By Yvonne Burns. Butterworths. Price R83 excl GST (soft cover)



The South African Criminal Law Reports 1990(1). Editor DS Fisher. Juta & Co. Subscription R300 excl GST



Regsnavoring Metode en Publikasie. Deur Proff F Venter, AJ van der Walt, CFC van der Walt, NJJ Olivier, GJ Pienaar, LM du Plessis. Juta & Kie. Prys R58 uit AVB



Criminal Procedure – Acts and Cases. By John Redgment. Digma Publications. Price R39 excl GST (soft cover)

omvattender bepalings oor kostebevele ten gunste van sowel die aangeklaagde as die Staat. Weens gebrek aan ruimte is dit nie doenlik om in hierdie bydrae volledig op die Wet in te gaan nie. Genoeg om te sê dat net soos in die geval van siviele sake, die maak van kostebevele in strafsake diskresionêr is. Origens blyk dit dat die hof hom laat lei deur omstandighede wat tot die instel van die vervolging aanleiding gegee het, die rol wat die partye gespeel het ter bespoediging van die verhoor, die redes vir enige verdragings wat voorgekom het, en die redes vir skuldig- of onskuldigbevinding.

In Suid-Afrika is dit 'n alledaagse verskynsel dat aanklagte teen beskuldigdes teruggetrek word as gevolg van 'n gebrek aan getuienis of dat beskuldigdes weens onvoldoende getuienis onskuldig bevind word. Dit gebeur ook gereeld dat beskuldigdes onskuldig pleit bloot ten einde tyd te wen, sensasie te soek of watter rede ook al. Die reg van die beskuldigde om onskuldig te pleit en te eis dat die Staat sy skuld bewys, moet gerespekteer word. Dit is egter nie in die belang van gesonde regspleging dat onnodige verdragings en uitgawes aangegaan word nie. Dit geld vir sowel die beskuldigde as die Staat.

Daar is drie aangeleenthede wat aangespreek moet word. Eerstens: moet kostebevele in strafsake op 'n gelyke grondslag met kostebevele in siviele sake geplaas word? Tweedens, op watter grondslag moet 'n kostebevel ten gunste van 'n beskuldigde gemaak word indien hy onskuldig bevind word of indien die vervolging gestaak word of indien die aanklag teen hom teruggetrek word? Derdens, in watter gevalle moet kostebevele ten gunste van die Staat gemaak word?

Kostes in siviele sake is uiteenlopend van aard. Dit sluit in, hofkoste, kostes van dagvaardings en pleitstukke, seëlregte, betekeningkoste en regsverteenvoerders se fooie. In strafsake bestaan meeste van dié kostes nie. Waarskynlik die belangrikste uitgawe wat 'n beskuldigde moet aangaan is die indiensneming van 'n regsverteenvoerder. Hy mag ook moontlik sy daaglikse loon verloor. Die belangrikste aspek is egter dat in siviele sake die eiser uit eie beweging besluit om die aksie in te stel. Die verweerder/respondent staan ook onder geen verpligting om die eis te bestry nie.

Gebaseer op hierdie beginsel is kostebevele in siviele sake dus geregverdig. In strafsake, daarteenoor, speel die houding of wens van die individu 'n geringe rol. Die prokureur-generaal (of sy gevolmagtigde) besluit om te vervolg of nie. Daarom is dit dan ook verstaanbaar dat getuiefooie byvoorbeeld betaalbaar is. Dit is egter wel so dat alhoewel 'n beskuldigde nie vir hofkoste verantwoordelik is nie, hy steeds 'n regsverteenvoerder in diens mag neem en dié se fooie moet betaal. Dit word in oorweging gegee dat, juis as gevolg van die wesenlike verskille tussen straf- en siviele sake, daar geen algemene reg tot kostebevele in strafsake behoort te bestaan nie. Waar die beskuldigde egter onskuldig bevind word omdat die Staat byvoorbeeld nie oor voldoende getuienis beskik het om die beskuldigde met die misdaad te verbind nie of waar die Staat nie die betrokke misdaad kon bewys nie of waar die staatsgetuies leuenagtig was of waar die vervolging gestaak word of die saak teruggetrek word, dan behoort die beskuldigde in gepaste gevalle vergoed te word vir die uitgawes wat hy met betrekking tot die saak aangegaan het. Indien verdragings, uitstelle, en so meer, aan die Staat se toedoen te wyte was en die beskuldigde onnodige kostes in dié verband aangegaan het, behoort die beskuldigde ook daarvoor vergoed te word.

Insgelyks behoort daar geen kostebevel ten gunste van die Staat gemaak te word bloot omdat 'n beskuldigde skuldig bevind is nie. Waar dit egter blyk dat 'n beskuldigde onnodige tyd verspil het, onnodige getuies geroep het of veroorsaak het dat die Staat onnodige getuies moes roep of waar die beskuldigde of sy regsverteenvoerder sonder behoorlike motivering aansoek doen om die uitstel van die saak of nie gereed is om op die verhoordatum met die verhoor voort te gaan nie, behoort dit moontlik te wees om, waar dit geregverdig is, kostebevele teen die verdediging te maak.

Kostebevele kan lei tot die uit-skakeling van onnodige vervolgings, die uitkakeling van onnodige verdragings en bygevolg die spoedige beregting van strafsake. Die Parlement behoort dus aandag aan hierdie aangeleentheid te skenk.

Sien ook die tweede hoofartikel. – Redakteur.

